

**19 Junie**

**Skrifgedeelte: Handeling 22:30-23:10**

### **Israel se skande**

As 'n gevangene van die Romeinse kommandant verskyn Paulus voor 'n samekoms van die Sanhedrin om hulle besware teen hom aan te hoor. Nie alle lede van die Raad dra ampsgewade nie, wat verklaar waarom Paulus die hoëpriester Ananias nie in sy amp herken het nie (23:5).

Met "'n skoon gewete" verkondig Paulus dat Jood- en Christen-wees mekaar nie uitsluit nie (vers 1). Om volgeling van Christus, die Messias van Israel, te wees, is die mees logiese ding wat 'n Jood kan doen. Hieroor beveel die hoëpriester dat Paulus op sy mond geslaan word (vers 2). Volgens hom praat Paulus lasterlik. Dit is ten diepste 'n magtelose wanhoopsgebaar. As alle ordentlikheid en regsreëls só deur die Raad oorboord gegooi word, is die skrif aan die muur vir die Jodedom. Dan het hulle klaar die stryd verloor. As die Jode by monde van sy hoogste amp slegs met 'n vuishou kan reageer, het hulle geen saak meer om teen die Christendom te stel nie. Die Joodse godsdiens het sy bestaansreg verloor. Die skerp woorde waarmee Paulus op die vuishou reageer, is 'n bestraffing van God en wys ook in hierdie rigting. Hiermee onthul Paulus hulle sonde en verdedig hy God se reg.

Paulus se verdere verdediging bestaan uit 'n fyn stukkie strategie wat een enkele sin behels: Ek is 'n Fariseër en word verhoor oor die verwagting dat die dooies weer sal opstaan (23:6). Hierdeur ontstaan 'n geweldige rusie tussen die Fariseërs, wat glo in die opstanding van die dooies, en die Sadduseërs, wat dit ontken. Die beslissende punt van verskil bly egter die Persoon en werk van Jesus Christus. So is dit vandag nog steeds te midde van die religieuse soeke en tasing in die wêreldgodsdienste en nuwe religieuse bewegings. Ken jy Jesus Christus? Kniel jy voor Hom in aanbidding? Dit is alles ... of niks! Die Here Jesus eis ons volledig op. Óf Hy is jou Koning wat jy dien, óf Hy is geensins jou Koning nie. Sy Naam is die enigste Naam wat ons tot redding gegee is.

Sing: Psalm 118:11

Prof F Denkema (Potchefstroom)